

Inhoud Hierdie preek wys die verskil om in lyding met goeie werke te volheid teen die geweld van die regering en gemeenskappe teen ons en mense wat die landbougemeenskap se lyding wil misbruik vir hulle geestelike en godsdienstige oorloë. Dit wys hoe Petrus eers as Boeremag-lid met Christus wou veg en sterf en dan as nuut gemaak word om met Christus te leef en te dien. In hierdie geloof leef gelowiges met hoop, in geregtigheid en vryheid, en veg nie daarvoor in burger-, geestelike- of godsdienstige oorloë nie.

Skriflesing Mat. 26: 47 – 56; 1 Petrus 1: 1 – 5, 2: 12 – 17, 4: 15 – 19, 5: 7, 10.

Teks 1 Pet. 5: 10: “Maar al moes julle vir ’n kort rukkie ly, sal die God van genade, wat julle tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het, julle herstel, bemagtig en stewig vestig.

Tema Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

1. Moet ons saam met Christus veg en sterf, of saam met Hom leef en dien?

Dit is die saak wat die apostel Petrus in sy brief aan die gemeentes in Noord- Turkye hanteer. In Palestina was ’n godsdienstige oorlog onder die Jode teen Romeinse oorheersing en uitbuiting aan die broei. Dit het omtrent 6 jaar na hierdie brief openlik uitgebars en die oorlog het die einde van die selfstandige Joodse gemeenskap in die Romeinse Ryk tot gevolg gehad het.

Terselfdertyd het die Romeinse owerheid begin om die Christelike geloof te begin onderskei as ’n ander godsdiens as die Joodse godsdiens. Die Joodse godsdiens het die staatsbeskerming van Rome geniet. Omdat die eerste Christene uit sinagoges tot geloof gekom het, en veral party Joodse gelowiges nog hul band met die Joodse nasie behou het, (Hand. 21: 20, 21) was Christene aan die begin deur die owerheid as net nog ’n Joodse groepering gesin.

Met die skryf van hierdie brief het dit egter begin verander. Die owerhede het die Christene begin eien as ’n eie nuwe godsdiens. Daardeur het die Christene hulle staatsbeskerming verloor. As nuwe Oosterse sekte, volgens Rome, het hulle daarom geen staats-erkenning en daarom geen staatsbeskerming gehad nie. Dit is hoekom die gemeenskappe hulle openlik kon begin aanval, roof en mishandel, sonder vrees vir wetlike vervolging deur owerhede. Volgens verlede Sondag se voorbeeld: hulle was nou amptelik die vlakvarke buite die plaas op die padreserwe. Hierdie erkenning as eie andersoortige godsdiens as die Jode is hoekom keiser Nero ook met wetlike reg die Christene net so twee jaar na hierdie brief in 64 n.C. as staatsvyande kon brand en deur diere laat verskeur.

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

2. Die onregverdige en ongevraagde openbare aanvalle, plundering en mishandeling van Christene deur die plaaslike gemeenskappe en owerhede, het Christene voor die werklikheid gestel om ook geweld teen hulle aanvallers te gebruik. Petrus spreek hierdie oorweging en ingesteldheid by die lidmate aan in 1 Pet. 4: 15: “Niemand van julle moet immers as moordenaar of dief of kwaaddoener of bemoeisieke ly nie.”

Hierdie spesifieke ondeugdes gaan oor teengeweld op geweld: om hulle wat jou wil vermoor te vermoor, jou wil plunder te plunder en teen hulle wat teen jou as Christen kwaad te stook as boosdoener, ook kwaad te stook. Dit gaan hier oor anargie en gewapende geweld van die gemeenskap teen 'n geteikende groep binne die gemeenskap – die Christene. Die woord “bemoeisiek” wys dit uit. Die woord beteken om te spioeneer om iemand te belaster en aan te kla. Dit is om te spioeneer wie is Christene om hulle dan aan te val en te plunder.

Christene was werklik in die posisie om die gewapende geweld teen hulle met gewapende geweld te antwoord. U kan vir uself ook indink hoe die opbou van die gevoelens, oortuigings, houdings en sentimente vir 'n godsdienstige oorlog in Palestina teen die goddelose Romeine ingespeel het op hierdie gemeentes. Die godsdienstige oorlogs-sentimente in Palestina was bekend en deel van die Christelike gemeentes weens hul band met Jerusalem. Dit kon vir hulle maklik as voorbeeld dien hoe om op te tree.

3. Moet ons vir Christus en God se koninkryk teen hierdie goddelose regering en gemeenskappe die wapen opneem, veg en sterf, omdat hulle teen ons, God se kinders, met geweld optree?

'n Mens kry eers werklik perspektief op die boodskap van die apostel Petrus aan wanneer 'n mens net weer onthou wie is die apostel wat hier preek.

Petrus was volgens Lukas 6: 15 en Hand. 1: 13 bekend as Simon die Seloot, wat as yweraar vertaal is. In ons taal sal dit wees Petrus wat genoem word Simon die Boere-maglid. Dit is nie sommer net 'n hedendaagse assosiasie nie. Dit was wie Petrus was – lid van die Joodse Selote-party. Paulus was voor sy geloof 'n lid van die Fariseërs, maar Petrus van die Selote-party.

Hierdie was die party wat besig was om die Joodse godsdienstige oorlog teen Rome te stook, terwyl Petrus hierdie brief skryf. Hulle het die sluipmoord op die hoëpriester Jonatan in Jerusalem uitgevoer. Hulle het net twee jaar na Petrus se dood onder Nero die wapens teen Rome opgeneem, die volk in 'n oorlog meegesleur, Jerusalem en Masada ingeneem en tot die einde toe verdedig.

Hulle het vir God se koninkryk in die Naam van die Messias die wapen opgeneem en 'n godsdienstige oorlog gevoer. Hulle kon die Christene uit die heidendom wat nog na hulle opgesien het as die volk van God, ook tot 'n godsdienstige oorlog

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

geïnspireer het. Dit is hoekom Petrus vir hulle so duidelik stel dat hulle en nie die Joodse nasie nie, God se uitverkore volk is. (2:9, 10)

4. Petrus, die Seloot, die Boeremag-lid, wou dit ook vir en met Jesus Christus doen – vir God se koninkryk saam met Jesus die wapen opneem, veg en doodgaan.

Dit is wat hy openlik teenoor die Here by die Nagmaalstafel bely in Mat. 26: 35: “Selfs al moet ek vir u sterf, ek sal u beslis nie verloën nie.” Wat hierdie belydenis beteken wys Petrus in Getsemane: “Simon Petrus het toe ’n swaard wat hy gedra het, getrek en daarmee na die hoëpriester se slaaf geslaan en sy regteroor afgekap.” Petrus wou saam met Jesus as die Messias die wapen opneem vir God se koninkryk, saam met Jesus tot die einde toe veg en saam met Jesus sterf.

Wanneer die Here Petrus stop met die woorde: “Bêre jou swaard op sy plek. Almal wat die swaard opneem sal deur die swaard omkom.” (Mat. 26: 52) is dit nie maar sommer net ’n algemene opmerking oor alle wapengeweld nie. Die Here wys in hierdie woorde enige vorm van wapengeweld saam met Hom vir God se koninkryk af. Dit beteken die Here wys enige vorm van geestelike en godsdienstige wapengeweld saam met Hom as die Christus om God se koninkryk te vestig, uit te brei of in stand te hou, af.

Daarom verloën Petrus die Seloot, die Boeremag-lid, Jesus met ’n gevloek teenoor die mense: “Ek ken nie die man nie.” (Mat. 26: 74) Ons misgis onself om te wil glo Petrus was net te bang om Jesus openlik te bely. Petrus het niks meer gehad om openlik te bely nie. Hy bedoel wat hy sê. Vir die Christus wie met wapengeweld teen Rome en die Joodse leiers, wat saam met Rome kop in die mus is, sal veg, sou Petrus met die wapen veg en sterf. Die Christus wat alleen gekruisig wil word en uit die dood uit opstaan, (Mat. 16: 21, 22) en alle vorm van godsdienstige wapengeweld veroordeel, ken hy nie en wil hy nie ken nie. Petrus se verloëning het beteken hy het sy geloof in Jesus verloor oor hy nie met Hom kon veg en sterf vir God se sake en koninkryk nie

5. En dan skryf Petrus in hierdie brief aan die gelowiges na hy tot geloof gekom het in die Man wie hy nie geken het nie: “Ons kan nie saam met Christus vir God se saak die wapen opneem, veg en sterf nie. (4: 15) Hy het opgestaan sodat ons in sy heerlijkheid met Hom en vir Hom kan leef.” Dit is die bedoeling van sy oproep tot lydsaamheid teen die geweld van die regering en gemeenskappe teen Christene.

Ons veg en sterf nie gewapend vir God se saak nie. Ons leef vir God met Christus!

Ons leef vir God met die opgestane Christus! Dit is die eerste aankondiging van Petrus in 1: 2: God die Vader het ons uitverkies om deur die heiligmaking van die Gees aan God gehoorsaam te kan leef en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word.

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

Ons gehoorsaam aan God volgens sy wet, is vir God heilig – al oortree ons die wet in ons poging om dit te gehoorsaam, al kom ons dit net gedeeltelik na in ons strewe om dit te onderhou en al kan ons dit nooit volkome gehoorsaam nie, al is ons daarop ingestel.

Want ons gehoorsaam is deel van ons heiligmaking deur die Gees van Christus. Christus se lewe se mens maak ons heilig, want as heilige was hy die vleklose Lam sonder liggaamsgebrek wat ons met sy bloed losgekoop het om in sy heiligheid te mag deel. (2: 19) God laat ons gebrekkige gehoorsaamheid vir sy liefde heilig wees deur die bloed van Christus waarmee ons besprinkel is. Daarom kan ons ons instel om God met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte lief te, en ons naaste soos onself, dit is heilig te leef, want ons gehoorsaamheid vir God die Vader is deur die bloed van Jesus heilig gemaak.

Saam met Christus wie ons heilig maak vir God se liefde, leef ons vir God: toegewyd aan sy liefde en liefde vir ons naaste. Ons is besprinkel met die bloed van Jesus om met God te leef. Ons vergiet nie die bloed van goddeloses vir God saam met Jesus nie. Ons leef nou saam met die Man wie Petrus leer ken het na sy opstanding. Ons veg en sterf nie vir die Man wie Petrus nie geken het nie.

6. Ons lewe met Christus vir God word met drie woorde in hierdie brief saamgevat: hoop, geregtigheid en vryheid! Ons leef met hoop, in geregtigheid en vryheid! Dit is hoe ons met Christus saam leef vir God!

Dit is die lewe wat God ons met Christus laat leef en die lewe waartoe God ons herstel, bemagtig, versterk en stewig in laat staan volgens ons teksvers: “Maar al moes julle vir ’n kort rukkie ly, sal die God van genade, wat julle tot sy ewige heerlijkheid in Christus Jesus geroep het, julle herstel. bemagtig en stewig vestig.”(5: 10)

Ons leef met hoop op die lewe! Dit verkondig Petrus oor die opwekking van Jesus uit die dood waarin hy eers nie geglo het nie. Jesus wat as mens uit die dood uit opgestaan het, is nou ons lewende hoop op ’n baie spesiale soort lewe: ’n lewe in liefde! In 1: 3 stel Petrus dat Christus self ons opwek uit ’n lewe waarin ons vir God dood, buite sy liefde is was, maar nou bewaar word vir God se liefde. Hierdie opwek uit ’n lewe buite God se liefde tot ’n lewe in God se liefde noem Petrus om weer gebore te word deur die Woord van Christus se opstanding uit die dood. (1: 23)

Ons hoop vir die lewe is dat ons in liefde leef en mekaar kan liefhê en dat hierdie lewe in liefde ons ewigheidsbestemming is. Dit is die doel van ons ons geloof. (1:9)

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

Hierdie erfenis waarop ons hoop, kan nie besmet word of verwel nie, want Jesus self wat vandag as mens leef in die hemel is die waarborg van hierdie hoop: die liefde waarin ons leef vir ewig behoue.

7. Ons leef in geregtigheid! Dit verkondig Petrus oor Jesus se kruisiging waarin hy ook nie geglo het voor die Here uit die dood uit opgestaan het nie. In 3: 18 stel Petrus dat Christus die Regverdige is wat vir ons as onregverdiges gely het.

Christus wat nou leef, laat ons en ons werke nou vir God reg wees, met al die foute en tekorte in ons werke. Christus bewys geregtigheid aan ons, deur ons in sy geregtigheid te laat deel. Hierdeur maak die Lewende Here dat ons nuwe mens is. Ons is mense wat nou ons sondes kan los en vir geregtigheid kan leef, volgens 2: 24.

Ons leef in vryheid! Petrus stel dit so: “leef as vry mense – nie soos hulle wat vryheid as dekmantel vir kwaad beskou nie, maar as mense wat God dien.” Ons vryheid is dat ons God mag dien. Petrus noem ons toewyding en diens aan God “geestelike offers” wat deur Jesus Christus vir God aanneemlik is. (2: 5)

Vryheid om nooit weer vir enige iets wat ons vir God doen, as nie aanvaarbaar veroordeel te word nie. Vry van ongeskiktheid om te mag werk vir en tot eer van God! Daarom doen ons niks meer onder dwang vir God nie. Wat ons vir God doen, doen ons uit die vryheid dat ons dit vir God mag doen.

Volgens ons teksvers het God deur Christus as lewende Here ons tot hierdie hoop op liefde, lewe vir geregtigheid en diensbaarheid in vryheid, geroep Daarom sal God deur alle lyding heen in hierdie wêreld, ons van die wonde van hierdie lyding laat herstel, ons teen hierdie geweld bemagtig, ons teenoor hierdie geweld versterk en in hierdie geweld stewig laat bly staan in hierdie nuwe lewenswyse wat Hy vir ons bewerk het.

Dit is waarmee ons in die landbou en elke deel van ons lewe in die gemeenskap as gelowiges mee besig is. Ons hou deur lyding aan om ons aan God toe te vertrou vir die geweld teen ons en aan te hou met die goeie waarmee ons besig is: landbou, onderwys, instandhouding, handel en watter ander beroep ook al.

En hierdie werk vir God doen ons met die hoop dat ons God en ons naaste só mag lief hê in 'n liefde wat vir ewig bly, as geregverdigde mense wat ingesteld mag wees vir wat reg is en as vry mense wat diensbaar kan bly deur alle lyding heen.

8. Ons neem nie die wapen op om vir vryheid, geregtigheid en hoop te veg en te sterf met Christus nie!

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

Wie was Petrus toe hy dit vir God saam met Jesus wou gedoen het, om saam met Jesus met gewapende gewel te veg en te sterf vir God se saak, vir God se koninkryk? Hy was sonder hoop op 'n eie lewe in liefde, 'n man wat homself as 'n verontregte en onderdrukte gesien het!

Die saak waarvoor Petrus wou veg en sterf was om God se mag te laat geld teen die bouse Romeine en die Joodse Raad wat met hulle saamgesweer het. Petrus wou nie veg en sterf vir liefde nie! Om vir God te veg en te sterf was sy liefde!

Petrus het homself as 'n regverdige gesien wat deur goddeloses verontreg word. Dit is teen hierdie goddelose verontregting wat hy met gewapende geweld saam met die Messias God se reg wou herstel in die wêreld. Hy het homself nie gesien as 'n onregverdige vir wie die Regverdige moes sterf nie.

Petrus het homself as 'n onderdrukte gesien wat vir sy vryheid van onderdrukking moes veg en sterf in die Naam van God met saam met die Messias. Hy wou saam met Jesus die nuwe Messiaanse ryk oprig waar goddeloses met landswette en militêre geweld aan die wet God van onderwerp word, deur die regverdiges!

Hulle wie glo dat hulle deur goddeloses hul hoop, reg en vryheid ontnem is, wil saam met die Christus die wapen opneem om vir God se saak oorlog te maak. Hulle wil 'n godsdienstige oorlog veg vir en in die Naam van God.

9. Kan dit ooit met ons in hierdie wêreld gebeur? Dat goddeloses ons hoop, reg en vryheid ontnem en só van ons lewe met God losruk tot 'n oorlog waarin ons vir God wil veg en sterf?

Dit is wat Petrus nou in hierdie brief aan die gelowiges stel. Omdat Jesus uit die dood uit opgestaan het en nou leef, leef ons met Hom in hoop, geregtigheid en vryheid wat niemand van ons ooit kan wegneem nie.

Wie kan ons só besteel, ons só plunder, ons só mishandel of ons selfs dood te maak, dat ons nie meer die hoop het dat ons liefde vir God en ons naaste vir ewig is omdat ons dit met ons eie opstanding uit die dood gewaarborg is nie? Dat ons glo ons het nie meer geregtigheid nie, ons moet veg vir geregtigheid, ons kan nie meer in geregtigheid gehoorsaam wees nie?

Net só! Wie kan ons ooit só besteel, roof, plunder, verniel en mishandel dat ons nie meer die vryheid het om God te dien nie?

Ons vryheid tot diens is God wat ons werke vir Hom heilig en aanvaarbaar maak. Daarom kan geweld nie hierdie vryheid van ons wegvat nie. Wie kan met geweld God keer om ons elke keer net weer en weer in sy diens te stel, op nuwe maniere en ander plekke, en ons toewyding vir God welbehaaglik te maak.

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

Deur ons beweging in te perk, ons uit die gemeenskap uit te sluit, ons van werk en geleenthede te weerhou, kan nie ons diens aan God wegvat nie. Daarom kan niemand ons in hierdie vryheid onderdruk nie.

Nou waarvoor wil ons dan veg en doodgaan, wanneer Jesus Christus ons met Hom vir en in God se liefde laat leef?

Omdat God ons in hierdie heerlikheid laat deel dat ons in die hoop op liefde wat ewig is laat leef, ons regverdig om vir geregtigheid te leef en vry laat wees in om Hom te dien, kan daar nooit só iets wees soos om vir God met Christus 'n godsdienstige oorlog te voer nie!

Ons kan nie oorlog maak vir wat God ons gee, ons eie maak, in laat deel en leef nie en wat Hy ons in herstel, bemagtig, versterk en stewig laat nie! Ons kan dit net in die geloof ontvang en saam met God daarin leef! Ons kan nie vir God gaan ly in 'n godsdienstige oorlog met Christus vir God nie.

10. Ons lyding is om aan te hou met goeie werke deur al die onregverdige geweld teen ons, in die geloof in ons geregtigheid en vryheid en hoop!

Dit is hoe ons aanhou boer en werk, terwyl ons as kriminele gesien en behandel word! Hierdie lyding verdra ons in die sekerheid van wie ons gaan herstel, bemagtig, versterk en stewig sal vestig!

Ons mag nooit ons stryd om aan te hou goeie werk doen deur lyding heen verwar met hulle wat 'n godsdienstige oorlog wil hê omdat hulle ly nie!

Ek wil dit vir u graag toepaslik maak met ons vlakvark-voorbeeld! Ons is die vlakvarke wat die boer op die padreserwe wil sit buite die reg en beskerming van sy plaas om daar verniel en gemoor te word. Wanneer al die gewone diere op die plaas in opstand kom omdat die boer net goue en koper bokke wil teel en ander diere verwaarloos, en hulle besluit hulle gaan wegbreek, uitbreek en oorlog maak, wat is die verskil tussen hulle en die vlakvarke?

Vlakvarke op die padreserwe breek deur en kruip onder die drade deur om in te kom, terwyl die ander nou wil breek en grou om uit te kom! Omdat al twee besig is om drade te breek en te onder-grou, beteken dit glad nie hulle is net dieselfde saak besig nie. Hulle is presies net met die teenoorgestelde besig! Die vlakvarke wil hulle nie laat uitsluit nie maar inbreek terwyl die ander nou skielik wil uitbreek. Hulle het niks in gemeen nie, al breek al twee groepe drade.

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

11. As gelowiges sal ons enige wet wat ons uitsluit om deel van die staat te wees ondermyn en teen gaan sodat ons juis met goeie werke diensbaar kan bly, vir geregtigheid kan leef in die hoop om lief te kan hê.

Ons is nooit met 'n geestelike of godsdienstige oorlog besig wanneer ons wetgewings wat ons van die staat wil vervreem doodleef met goeie werke in liefde, hoop en geregtigheid nie. Ons leef ons roeping met God uit saam met Christus in hoop, vir geregtigheid en in diensbaarheid. Dit is hoe ons leef en dit is hoe ons doen wat ons doen.

Daarom sal ons ons moet afskei van al die geestelike en godsdienstige oorlogvoering wat nou in die land aangevuur word. Ons stryd is om met ons roeping deur lyding heen aan te hou, nie om daarmee op te hou vir 'n geestelike of godsdienstige oorlog nie. Ons leef saam met Christus in God se liefde. Ons veg en sterf nie in geestelike en godsdienstige oorloë vir God se saak met Jesus nie.

12. Die gevaar van 'n godsdienstige burgeroorlog in ons land is 'n regte teenwoordige werklikheid. Dit het ons elkeen aangevoel met die konfrontasie op Senekal.

Wie wil 'n burgeroorlog hê? Die EFF en baie werkloses wil met die anargie van 'n burgeroorlog moor en plunder. Die ANC deel wat die land geplunder het wil met 'n oorlog alle spore van hul plundering wegvee en van die reg wegkom deur 'n burgeroorlog. Blankes wat 'n volkstaat net vir blankes wil hê, wil 'n burgeroorlog hê omdat hulle nie Afrikane as deel van die burgery aanvaar nie.

En nou begin kerke inkoop met hierdie sentimente tot 'n burgeroorlog! Hoe? Deur hierdie geweld van 'n burgeroorlog te regverdig asof dit 'n geestelike of 'n godsdienstige oorlog gaan wees. Geestelike oorlogvoering word al lankal deur NG leraars soos ds. Bennie Mostert en andere aangevuur. Hiervolgens moet jy met gebed en bekering God se grondgebied beskerm en uitbrei teen goddeloses. Met gebed en deur mense te konfronteer om tot bekering te kom, veg jy as troep in Christus se weermag vir god se grondgebied. Gebed word die wapen waarmee mense hul vyande moet stukkend bid, die gebed wat ons God in liefde mee kan aanroep. Ons moet mense nou stukkend bi sodat hulle hul met bekerings aan ons mag sal onderwerp.

Die NG Kerk se bemagtigde leiers het die afgelope weke hul miskenning van boere se mishandeling verander. U mag u self hiermee nie misgis nie. Wat wil hulle nou met boere doen? Hulle wil nou vir boere lei as die wat veg vir hoop, geregtigheid en vryheid sodat hulle die mense is wat nou die Belhar-belydenis navolg. Hulle wil hooplose, verontregte en onderdrukte boere geestelike lei met die geloof van die Belharbelydenis.

Christus laat ons vir God leef en dien, nie veg en sterf nie

En dan is die verskil tussen 'n burgeroorlog en sogenaamde geestelike oorlogvoering of godsdienstige stryd vir hoop, geregtigheid en vryheid, net een insident soos dit met Senekal kon gebeur het. Want met geestelike en godsdienstige stryd vir hoop, geregtigheid en vryheid, maak jy mense God se troepe vir 'n godsdienstige oorlog.

Waarmee is ons as Christelike landbouers besig wanneer ons patrollies ry, om 'n paramilitêre mag op te bou of is ons net besig om ons oeste te beskerm? Beding ons om ons wapens te behou om oorlog te maak of om ons self teen misdadigers se plundering en moord te verdedig? Beveilig ons ons huise en plase omdat ons forte bou vir oorlog of om ons teen moordenaars en plunderaars te beveilig? Ondermyn ons amptenare omdat ons met 'n rebellie besig is of omdat ons hulle korrupsie teenstaan? Pleeg ons obstruksie teen grondeise omdat ons kriminele is of omdat ons net keer dat kriminele ons eiendom roof? Ondersteun ons mekaar as gemeenskap in die howe waar ons aanvallers en moordenaars omdat ons mekaar se rou deel of omdat ons die reg in eie hande wil neem? Is ons enigsins besig met 'n geestelike en godsdienstige oorlogvoering? Of is ons net besig om ons reg uit te oefen om binne die draad te mag wees? Ons reg uit te oefen om deel van die staat te wees omdat ons in die hoop leef van 'n liefde wat vir ewig is, weet ons is geregverdig in ons werk vir God en vry gemaak is om God met ons werke te dien? Ons mag nie dat almal wat 'n burgeroorlog, 'n geestelike oorlog of 'n godsdienstige oorlog wil hê, hulle oorlog op ons plase kom voer en van ons plase waarop ons wil plant en oes hulle slagvelde en doodskakkers maak nie. Hulle kan dit voer daar waar hulle bly! Nie hier waar ons die Here dien met goeie werke nie!

Ons is God se kinders wat saam met hom in sy liefde leef. Ons is nie God se troepe in opleiding vir die oorlog om sy grondgebied te verdedig of om te veg vir hoop, geregtigheid en vryheid nie. Ons vlakvarke wil binne die draad met goeie werke besig wees. Ons is nie deel van hulle wat veg om buite te draad te kom nie!

13. Kom ons verwerp die Man vir wie Petrus die Boeremag-lid wou veg en sterf! Jesus is nie die Man wat ons in 'n geestelike en godsdienstige burgeroorlog gaan inlei, aanvoer en tot oorwinning lei nie. Kom ons glo in hom wie Petrus aan ons verkondig: Jesus wat uit die dood uit opgestaan het om ons in die hoop van liefde wat ewig is, in geregtigheid wat ons verbind tot gehoorsaamheid en vryheid wat diensbaar is vashou.

Kom ons verdra al die onregte en mishandeling met hierdie geloof in ons harte sodat ons kan aanhou goeie werke doen in ons beroep. God sal ons hiertoe sterk volgens ons teksvers: "Maar al moes julle vir 'n kort rukkie ly, sal die God van genade, wat julle tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het, julle herstel, bemagtig en stewig vestig.